

### ***Om gedien te word***

Gister was dit duidelik dat my hoogste roeping is om God te dien... Maar het u al werklik raakgelees wat Christus in *Matteus 20:28* sê?: "*So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense*".

Wat is die *unieke* van die Christelike Godsdiens, dit wat hom onderskei van alle ander Godsdienste?

In *alle* ander Godsdienste

- moet die mens opklim om sy god te soek
- moet die mens hom in sy god se guns inwerk
- moet die mens met sy diens sy saligheid verdien

By die Christelike Godsdiens

- daal God die Almagtige neer na die magtelose sondaar
- was die Seun van God die voete van sy dissipels...

Ek vra u: Watter ander "god" het sy lewe gegee as losprys vir baie mense? Is dit nie die mooiste en beste boodskap ooit nie?

En tog...

Daar sal altyd 'n mark wees vir die ander godsdienste. Want terwyl die Christelike Godsdiens die mens kaal uittrek en hom oopvlek in sy sonde en magteloosheid, bekoor die ander godsdienste.

- want daar is die mense nie *dood* in sonde en misdade nie en kan hy nog uit homself goed wees;
- want *dáár* word sy ego gestreel...

Maar ek weet van ander wonderlike dinge uit Gods Woord: Hy dien my

- deur vir my sondeskuld te betaal;
- deur my stukkende menswees heel te maak en my uiteindelik 'n dankbare, verlose, dienswillige kind van Hom te maak.